Opgedra aan almal wat sin soek in sinne.

Sonstorie saamgestel deur Fanie Marais

CORDIS TRUST PUBLIKASIES
Posbus 73592 Lynnwoodrif 0040
Dr. S.J. Marais
Uitvoerende Trustee Cordis Trust
faniemarais@cordistrust.co.za
www.cordistrust.co.za

© 2018 Fanie Marais

Eerste uitgawe Eerste druk 2018

ISBN 978- 0- 9946913-7-8

Manuskripsamestelling: Fanie Marais
Elektroset en proeflees: Myra Lochner
Geset in Constantia 11 pt
Titelfont: Rancho
Outeursfont: Cormorant Upright
Omslagontwerp: Herman Lochner
Omslagkuns © Vader Frans Claerhout
Gedruk en gebind deur STN Drukkers, Pretoria

Sonstorie

saamgestel deur

Fanie Marais

Inspirerende woorde uit die leefwêreld van 'n jong dogter, Mardene Marais (1968 – 1989), as *Woordpalet* in 1992 gepubliseer.

www.woordpalet.co.za

CORDIS TRUST PUBLIKASIES
Pretoria · Suid-Afrika
2018

“Ingeval ek dood wakkerword,
gaan my dagboeke en gedigte
aan enigeen wat met moeite
moeite sal doen om te verstaan.”

INHOUDSOPGAWE

Huldeblyke 1
JY 1
SONSTORIE 3
Kom ons droom vandag 3
Sommer net 4
Om te leef 5
Offer 6
Jasmyn 7
As ek ek bly, sal jy … 8
Somber 9
Vergifnis 10
Teddie 11
Verlange na die Kaap 12
Gesin 13
Pa 13
Ma 14
Surita 15
Sanet 16
Kunsmuseum 17
Johannesburg 18
Dali 19
Johan 20
Kwatryn 21
Gelyk-aan 22
Ontbluf 23
Dagbreek 24
Liefde 25
Geluk 26
Vrees 27
Die son 28
Skanse 29
Duisternis 30

Einde 31
Analise 32
Sekerheid 33
Introspeksie 34
Semanties 35
Ontkiem 36
Binneblik 37
Uitbundig 38
Kerk 39
Rigtingleeg 40
Gras-u-is 41
Skalpel 42
My land 43
Skepping 44
Lig 45
Kunstig 46
Opstand 47
Lewe 48
Vreemdes 49
Illusie 50
Vanselfsprekend 51
Egoïsme 52
Ek en Jy 53
Vergete 54
Liewe Ma 55
Dagbreek 56
Afskeid 57
Betta se hoed 59
Om 17 te wees 60
Ek is gereed 61
Sonstorie 62
Die wêreld is 'n speeltoneel 65
Vandag is die eerste dag van die res van my lewe 67
Die gesig in die spieël 70

HULDEBLYKE

JY

tussen gespikkelde studente
was jy die flamink:
rankerig in rosige
ledemate, hare
wegknetterend
skoongeskroeide oë
vel soms mat en
gladde hulsel
gespanne
om die skraal skelet
en breekskyn sprokkels
sproete deur
gebrandglaas
in flikkerende versfragmente
stywebeenritmes, reiermeganiek
van gebrokte enkel-
woorde doop
jy jou pen kleur-
skellend in potjies
opgekropte plakkaatverf
op weg uit jou liggaam, jy
tril folminke ook op uit die as?

Rika Cilliers Preller, Vlier

Jy het kinderlik nuuskierig
die some van sin(ne) losgetrek

die aarde wat soos leeglê
swaar(de) op jou hart druk
het jy probeer wegklap
maar is van balans geruk
en die worp van die son het jou gedryf
om met leë hande te soek na 'n nuwe dag

jou voetval was egter te vlugtig
en jou naels te stomp
om die borsvliese van nuwe lewe
verwoed oop te breek

al het die son self op jou droomhofie gevlam.

Uit gedig van Sulia Holtshauzen

SONSTORIE

Kom ons droom vandag

Kom ons droom vandag
ons pluk vir ons sterre
en draai hulle in sonstrale toe.
Ons kokon onsself in die wolke toe
en glyplank by reënboë af.
Kom ons gesels met die feetjies
gaan ry op seeperdjies
en bou vir ons 'n towermat.
Ons gaan braai marshmallows op die maan
verf gisters bont en ryg dit in vir krale.
Ons drink die see leeg
en gaan bou skilderye in die lug.
Kom ons droom vandag
– toe?

Sommer net

Ek is sommer net.
Ek is die blinkrooi hartjie aan my sleutelhouer.
Die kunsprojek teen die esel.
'n Bondel lag in die middel van die week.
Dis alles ek.
Ek is ek en ek is honderd persent.

Om te leef

Manjifiek is dit om te leef
in die hart van lig –
om te vlieg na die son.

Offer

Jy het my getoor,
my vervorm tot 'n bloeisel
en 'n affodil in jou oop hande,
maar agterna het jy my verdrink,
my aan vergeet geoffer
en jou towerstokkie
in jou hande toegevou.

Jasmyn

Die son ruik na jasmyn
en met jou verf God my,
pluk vir my affodille
en brand hulle op jou ashoop.

As ek ek bly, sal jy ...

As ek vroeg opstaan
en myself geel verf
As ek verlep voel en my vensterruit
is stukkend
As môre oorslaan na oormôre
en oormôre na die dag daarna
As my Bybel halfpad is
en ek kwartpad
As ek pers en oranje in my voel
of blou teen my afgly
As ek bang is of as ek grys en koud lewe
As ek borrel of as ek skilder
As ek ek bly
sal jy nog steeds jy wees?

Somber

Vandag was vol.
Vol reën en hartseer
en weerlig en stap
en vol musiek en sommers.

Vergifnis

As gister hardop soek na nou
en nou vergewe kwart.
Voel ek bang en alleen
– is die son anders, half.
Gaan môre saggies dood
of skaduwee die maan oor my,
moet ek weet
dat sy Alles
my gister vroegdag al
my nou laat vind
en nou 'n verdere driekwart
laat vergewe.

Teddie

Ek ken jou goed,
jou hart – onstuimig, rustig, kwaad, hartseer, alleen:
jy het my vertel, jy het my styf vasgehou,
jou trane het op my gedrup.
Jy het my heelgemaak,
gewas,
gedeel,
en eendag … weggegee.

Verlange na die Kaap

Ek bondel my gedagtes binne my op
draai my gisters in krinkelpapier toe
en berg die Kaap rondom my
tot ek seerkry en
halfpad langs my geluk
my oë stadig toemaak.

Ek het die see om my nek gehang
die mense in my hare gestrik
die berge oor my geverf
die gisters een-een om my arm gebind
die verlang dieper weggebêre
agtien jaar in my onthou gesirkel
en die Kaap honderd persent in my ingeskilder.

Gesin

Pa

Pa is volgefrommel met vandag en
'n gebed in die skemerte
Pa is môre vermeng met
'n godgeverfde sonsopkoms
Pa is heeldag 'n heel dag.

Ma

Ek wens vir Ma dae vol drome
en sterre aan Ma se hemel
Ek wens bont kleure in Ma se lewe
Ek wens 'n kaggelvuur vir Ma se voete
Ek wens vir Ma net honderd persent
en ek wens Ma altyd in my lewe.

Surita

Jy is die borrel-bruis-borrel lag as dit reën
Jy is ek minus drie
Jy is reënboë in potpourri-sakkies
Jy is God se hand by die wiel
en jy is sommer
is net jy.

Sanet

'n Verfpot val om en drup-
drup op die grond
Dis jy wat val en oopvlei
in helder kleure en bont idees
in gedagtes in dade in gister
vandag en môre
Dis 'n meesterstuk
en onderaan die raam
is die handtekening van dié Een wat die verfpot
omgestamp het.

Kunsmuseum

Ek kuns deur die museum
en bondel die kleure tot diep binne my
my oë verf oor die skilderye
en ekspressionisties word ek deel daarvan
my hele bestaan ry wipplank
en bedwelmd kan ek nie genoeg kry nie
ek raam my gedagtes
en vernis dit vir nou
môre
en die oormôres in my drome.

Johannesburg

Blou-grys mondrianagtige silhoëtte
profiel selfsugtig
en vergeet materialisties om lief te hê
Duisende naamloses
en bewegende gesigloses
môres wat van gisters herstel
uithangborde in versmoor-kleure
oormôres wat halfpad ophou onthou
en nommers een-een ingeryg in garedraadjies.

Dali

Kwart bestaan jy nog
hospitaalpyp in jou
wêreldopskrifte langs jou
oor die meester wat
deel en minus op sy bed
surrealisties propageer jy lewe
en bêre jou liggaam onder
jou eer, maar jy vergeet pateties
om die halfklaar skildery skuins
oor die esel te bedek.

Johan

Die see breek branders in jou oë
en die sterre dans oor jou gesels
Jy's witsand met pynappelsap
gedigte en sonsambrele
verlang ek laatnag
Jy is my beertjie
die kunsmuseum
en wit skaduwees oor bondels sand
Jy is die raam om my skildery
die strale rondom my son
die aanhalingstekens voor gedigte
en die onderstreepte versies in my
stranddiensbybel.

Kwatryn

Sy het met 'n rooi bal in die straat gespeel
en hom op en af laat bons
maar toe het Jesus gekom
en haar aan haar hand weggelei.

Gelyk-aan

Ons neem saam wiskunde
en al wat ons saamvoeg
is die simpel is-gelyk-aan-teken
in die nimmereindigende somme.

Ontbluf

Skeinat proefbuis my in
en helium hou my geel vas
Ek bou my self stukkie vir stukkie
in 'n waterstof bondel toe
en ontbloot my naaktheid
in 'n kiertsreg op ontbluffing.

Dagbreek

Dagbreek is
as die maan op sy kop staan
en die son bo-oor hom
bollemakiesie slaan.

Liefde

Liefde is 'n goudgeel strik
in 'n mongooltjie se hare.

Geluk

Geluk is geel
wat sypel deur oranje
en rooi huppel tot by groen,
wat opgewek met blou versmelt
tot 'n stringetjie pers.

Vrees

Vrees rek homself uit
en verf met 'n kriewelende kwashaal
alles rondom hom bloedrooi.

Die son

Die son is die duiwel se binnekant
na buite gedop.

Skanse

Die kasset in my radio probeer homself troos. Die note klou aan mekaar vas, maar hul grys lyfies bly hartseer. Hul huil klingel vals in die agtergrond en ook in my kom draai die pyn en hartseer vas.

Ek sit opgevou op my bed en bou desperaat skanse teen my trane.

Die wysie breek en soos die note mekaar se arms los, verwyder hulle hulself van my, totdat ek sonder musiek sit.

Duisternis

Straatengel Lucifer kyk hoekig om en in sy oë
staan die wêreld regop.
Hy skuif sy gesag reg, buk af en tel sy gevolg op.
Met swart voetspore verwoes hy voort.
Sy septer kap gate in die grond.
Hy sal nie rus voor die ganse aarde
soos 'n geroeste rasper lyk nie.

Einde

Gretig amper ek onverskrokke verby my self.
Kamoefleer God grappig en
verlaat die stratosfeer
van bestaan aan skerwe.

Analise

Hou jou bek, samelewing
en analiseer eerder jou siel.

Sekerheid

Die derde laaste druppel wat
vanoggend in my bad val
het eergister al geweet dat
God oormôre kom.

Introspeksie

sout sekel jy
my samelewing selektief binne,
introspekteer formeel analities,
sonsondergang in God se paradys.

Semanties

semanties swanger ek
'n geesteryk deurmekaar
saggemaak en
sorg vol gekatkiseer.

Ontkiem

saad groei
ont kiem
en bloei dood.

Binneblik

mens voor
her stel
en ont plof in waarts.

Uitbundig

Ons
bons
God
giggel.

Kerk

Kerk parthenon kragvol
op swaar fondamente
klipwand vasgepilaar in eie kern
heilige kleure omgebid in agting
en vol krag gemessel deur ruimteloosheid.

Rigtingleeg

Hek marsjeer in stadige aksie
na gevangeskap
mense mens rigtingleeg
oor breërwordende grense
en net een-een padkaart
verby die traliewerk.

Gras-u-is

Fiets vou vervaard oop
mens ma-keer met eens
bestaan hyg heen
en God glimlag gras-u-is.

Skalpel

Kom, alle genooide ontlede analiseerders
pluk vir julle 'n deel van my
teen oor gesteldene
want suurlemoen versus katjiepiering
die maan simboliseer duisternis.

My land

baie het gebeur
goeie dag Suid-Afrika is ou nuus
ek affodil innerlik
oor God weet wat

en die kerk klap hande
goedertrou
verveeld.

Skepping

Die weerlig hou swaardgevegte
voor my venster
ek kan nie anders as om met die weerlig te gesels nie
te sien hoe dit die grys oopte oopforseer
en ek hartseer wonder
oor die pyn
die breek
en wat van al die gewonde hemelstukkies word.

Lig

my neus is my dakkamertjie
my oor my ek's so dus
my mond kar na val
God my oog
en my nael & kie
my tel 'n foon.

Kunstig

waarskynlik sterf en ontbind
ek tot my inwendige samestelling,
my kuns dali ek
onbewusvol deur
en baklei handhawend –
skisofrenies.

Opstand

Opstand lê besoek af
Formeel en ongenooid
Die analitiese oë wonder op en af
oor elke asemstoot
en elke sillabe.

Lewe

Die mens multifiseer op note,
maar tog is die note vals.

Vreemdes

Ek kry elke vreemde vervreemde
intens jammer
en hou vir hul 'n massabegrafnis
in my genagte gedagtes
tog hopeloos hul voort
om met skewe boublokke te bou.

Illusie

Dis lentedag en ek voel soos 'n winterboom
Partykeer is ek lief vir mense
Ek het in 'n droomwêreld geleef
soos in 'n storieboek
waar alles goed gaan
en daar feë en selfs gawe hekse is
en toe word ek wakker
en sien net gifappeltjies.

Vanselfsprekend

Ek voel so vanselfsprekend
Ek is en bly altyd 'n is
nie 'n wees
of selfs 'n was
of 'n sal nie.

Egoïsme

Eintlik lewe almal maar vir hulself
iemand wat nie self daar was nie
sal nie weet nie
klein Brixton-kinders
wat geen regmatige kans
in die lewe het nie
swanger op twintig
en 'n baba
vir God weet wie.

Ek en Jy

Jy is spesiaal, my vertroueling, nes my een-oog-lappop van lank gelede.
Dis ek en jy wat saam op 'n tweemans-fiets ry en dis ons twee wat ook saam afval.
Dis ook ons twee wat Hom saam ken.
Dis ek en jy. Jy en ek ... soos twee dagboeke vir mekaar. Dis die kombinasie ons.

Vergete

Die koerant het natgereën. Voorbladnuus. Laat ons maar kyk …

"Meisie pleeg selfmoord. Agtien jaar oud."

Die letters het nat geword.

En die drukkersink huil nou daaroor.

Liewe Ma

Ek het vir Ma 'n groot gestrikte doos (spesiaal uitgesoek) om elke dag van Ma se splinternuwe ouer-word-jaar op te helder.
Ek noem dit myne, want daar is 'n potpourri van eie-ek dinge toegestrik daarin.
Binne-in die doos is alles wat ek altyd in my kamer laat rondlê het en nou opgetel het.
Nou's my doos amper leeg en heel onder lê my geluksê-kaartjie. Eintlik meer 'n dankiesê as 'n geluksê-kaartjie. Dankie vir alles wat ek deur Ma se oë van die wêreld leer ken het. Vir al die kere wat ek my probleme met Ma kon deel en vir die onuitwisbare invloed wat Ma op my lewe gehad het.
'n Duisend dankies en baie geluk.

Dagbreek

As die wekker vroegoggend lui,
staan ronde engeltjies slaperig op.
Hul vlerkies word afgehaal,
want die groot werk wat voorlê, kan soms vuilsmeer.
Elkeen weet presies wat om te doen.
Die Groot Kunstenaar het hulle self geleer.
Op twintig bedkassies is bont kwasse
reeds die vorige aand reggesit.
Hulle is gereed.
Die eerste laag is donker na rooi.
Hulle stry en raas nie. Hulle werk saggies,
want die ouer engele lê nog toegekussing in hul stukkies hemel.
Sodra die eerste laag droog is, word dit rooi na oranje.
Hier en daar loop plomp voetjies oor nat verf
en op die aarde sien mense hoe dit kol-kol lig word.
Oranje.
So te sê droog.
Ligroos.
Haastig.
Die Leermeester se wekker lui.
Persblou.
Hy trek net sy kamerjas aan, dan gaan Hy kom kyk.
Glimlag goedkeuring.
Pienkblou.
Vuil gesiggies opgestop met tevredenheid.
Dagbreek.

Afskeid

Ek's by die see
en voel hoe hy met my gesels
Ek het met my Bybel (toegedraai in pers)
gaan stap
en skilderye gebou op die strand.

Ek verlang na Witsand
en die gesels
en andersheid
my soetwyn
is groen langs my bed.

My beertjie is nie met my nie
en ek wonder nogal
ek bly by die huis
as die ander gaan laataand
en skryf 'n brief.

Halfpad kan ek nie
sover kom om 'n gedig te skryf nie
ek is lus vir huil en slaap
ek lees Psalm 139 (my Psalm)
en voel beter.

Toe dit heeltemal donker is bid ek
en ek onthou dat ons oormôre ry –

ek sal môre die Kaap totsiens sê
en die see om my nek hang
die mense in my hare vasknoop
die sand oor my tone verf
die gesels aantrek vir klere
en sommer alles inpak vir saamneem.

Betta se hoed

Betta was wit. Betta was 'n hoed.
Jonas was bruin. Jonas was 'n das.
Maar die mense wou die hoed en die das nie laat pas nie.

En hulle het getrou.

Die hoed en die das het gepas!
Meesterlik.
Volkome.
100%.

En daardie aand het die aandster blinkgepoets aan die Melkweg gehang.

Om 17 te wees

Hy repeteer. Repeteer vir die lewe, wat hom blindelings gaan rondwaai en gaan uitspoeg as ontalentvol.

Die mense kyk, ondersoek en veroordeel.

Hy is jonk, nog maar 'n kind in die wêreld. Die mense het hom klaar opgeskeur.

Sy dowwe oë begin weer blink. En die bloed wat hy gemors het op hol mense, vloei in hom terug. Hy is ook iets – hy bestaan nie net nie.

Hy is spesiaal iemand net vir iemand.

En hy besef, om altyd niks te wees en dan skielik iets – dit is om sewentien te wees.

Ek is gereed

Ek lê opgevou in my ma se maag.

My ma sê ek is goed verpak en niks kan my seermaak nie.

Mens kry ligte en donker dae. So sê Ma. Sy sê ek het nou net ligte dae in my lewe, maar sodra ek uitkom gaan hulle donker word. Gelukkig hoef ek nie bang te wees nie, want sy sal my beskerm.

Die reënboog. Ja, ek onthou wat Ma my vertel het van die reënboog. Almal het reënboë. Ek kry myne eers oor 'n rukkie. Sy't gesê ek kan hom enige kleur wat ek wil hê, verf.

Uit die grootmense se storieboeke lees my ma vir my van die rondomtalie waarop sy woon. Ek het nog niks geels gehoor nie. Alles was sover nog net swart.

Sien, my ma het alles vertel. Ek is maar nog net halfpad, maar ek is gereed om oor twee weke heel te word. En as ek eers heel is, gaan ek elke dag my reënboog natgooi, ek gaan sy punte strek en stewig vasboor, ek gaan probeer om ALTYD 'n geel mens te wees en boonop gaan ek van my geel verf oorhou sodat ek die hol mense se ontbytverf met geles kan omruil.

Sonstorie

Maria was sestien maar van lankal af het sy geweet sy's eintlik ouer.

Sy was haar ma en pa se kind, maar hulle was nie haar ouers nie. Die son was haar enigste vriend en syself was haar dagboek.

By die son het Maria geleer om heel eerste vir God dankie te sê as sy opstaan. Die son doen dit altyd, want hy behoort aan God.

Terwyl sy in die skool was, het sy steeds soos die son probeer lewe. Sy het geweet hy is buite besig om die leer hoër en hoër te klim en sy wou nie agterraak nie.

Sy het somme gedoen, omdat sy geweet het die son tel die trappies sover soos hy klim en sy het sinne gebou, omdat dit haar gehelp het om met die son te praat en hom te verstaan.

Kunsklasse was vir haar die heel lekkerste. Dan het sy die son op verskillende maniere geverf en as hulle moes maak soos die juffrou sê, het sy alles in geel geteken.

Ná skool het sy met haar fiets agter die son aan huis toe gery en altyd verby skaduwees eerder as bo-oor hulle gery.

Met skoolvakansies kon sy heeldag by die son wees en saam met hom gaan slaap en opstaan. Hy kon alles op die aarde sien gebeur en het vir Maria vertel dat dit beter was om in die lug te woon. Maar die Stasiekantoor kon nie vir haar sê of daar enige treine hemel toe ry of nie.

Haar kamer was geel en oranje, maar haar ma en pa s'n was blou en grys. Sy wou nooit soontoe gaan nie, want dit was dieselfde kleur as wanneer die son saans gaan slaap het.

Hulle het haar na 'n psigiater geneem, maar sy het nie van sy vaalgroen kantoor gehou nie. Eers toe hy haar op 'n geel stoel laat sit het, het sy met hom begin gesels.

Sy was nog 'n paar keer by die psigiater. Elke keer het sy net gemaak of sy na hom luister, want eintlik het sy geweet hy is ook in skaduwees gebore. Daardie aand het sy haarself in haar kamer gaan toesluit en eers 'n brief vir die son en toe een vir die skaduwees geskryf.

Net na skemer het sy met haar fiets stad toe gery en iewers langs die pad affodille gekoop om in haar hare te rangskik. Sy het saam met haar fiets in die hyser opgegly tot by die heel boonste verdieping, waar haar pa gewerk het en gekyk hoe die son verdwyn. Eers toe sy heeltemal seker was dat die son gaan slaap het, het sy op haar fiets geklim en die lug ingery. Driekwart op pad ondertoe het sy geweet sy

gaan haarself met die son verenig en haar lewe vir die skaduwees gee.

Sy was sestien en het die volgende oggend saam met die son deur die skemer gegloei en die trappies geklim, totdat sy in die middel van die lug gaan stilstaan het.

Die wêreld is 'n speeltoneel

Hulle hang ingeryg in my kas – my maskers. In helder oogknip-kleure is elkeen anders; spesiaal en nie-spesiaal. Ek hoef hulle net af te haak, op my gesig te laat pas en te voel hoe hulle my gesigsprofiel aanneem.

Heel voor in die ry, hang my vrolike masker. Ek gebruik hom die meeste sodat hy nou al maklik op my gesig pas. Ek ken my vrolike rol en toneelspel ook die beste. Dit hang net af van die verhoog.

So 'n entjie agter my vrolike masker, is my hartseer masker. In sy swart en wit kleure, vertolk hy sy rol op grys verhoë en die trane wat oor sy wange loop, maak erosie-merke daarop. Meestal is dit oor die lewe wat hard en seer is.

Verder af in die ry hang die kwaai masker. Ek wil hom nie hê nie en gebruik hom baie min. Dis hoekom hy nog feitlik nuut is. Boonop pas hy skeef op my gesig. Ek weet my vrolike masker is net onder hom, maar as ek my kwaai masker op het, is ek nie ek nie.

Ek het nog baie maskers in my snoer. Daar is my pastel-pienk masker wat ek opsit as ek gaan slaap. My pers masker waarmee ek mense beïndruk, my sportiewe masker en my werkmasker hang almal in die ry. My borriegeel masker, my kobaltbloue en die groene en die vlamoranje

ene pas almal op my gesig en hulle ken ook al hul woorde uit hul koppe.

Heel agter in die ry hang my onsigbare masker. Ek sit hom altyd op onder my ander maskers. Niemand kan hom sien nie, behalwe Een. Ek haal hom baie min af en hy pas die beste op my gesig. Hy steek niks weg nie en wys wie ek regtig is. Sy verhoog is die Lewe self. Oral en altyd is hy op sy pos. Dit is wanneer ek sien hoe ander mense sukkel om toneel te speel dat ek bly is ek het my onsigbare masker.

Eintlik het ek nie die ander maskers so nodig nie. My onsigbare masker is genoeg. Maar sonder my ry maskers sal my toneelspel swak wees. Hulle almal help my om elke dag beter en beter en nog beter toneel te speel, sodat ek eendag in die middel van my verhoog kan staan met 'n Oscar in my hand en my onsigbare masker op my gesig.

Vandag is die eerste dag van die res van my lewe

Dokter Fitzhenry. Vreemde van. Dalk het hy ook ander, vreemde oplossings vir moegwees.

Die spreekkamer is vol mense. Vol mense wat nog nie heeltemal mens is nie. Selfs 'n vrou met 'n mongooltjie het nou ingekom. Kyk net die ogies. Siestog.
Daar staan die vrou op. En die mongooltjie kom na my toe ...

Jy ken my nie,
maar jy kom

'n Pienkste malvalekker
uit die plastiek
van Beacon sweets company beperk

en tuimel
my spreekkamerkoffie hartstogtelik
binne.

Jy ken my nie,
maar jy kom

en ek proe
met my honger tong
jou armpies wat om my nek dryf

skuimerig soet,
jou taai toffietrappers op my verbaasde
skoot.

Jy ken my nie,
maar jy kom

en ek sluk
hap-hap en versigtig
netnou raak jy op

aan jou ogies
rond
net effens skeef.

Jy ken my nie,
maar jy kom

en ek drink
van jou driewiel
jou hond
en netnou se lekkers.

Jy ken my nie,
maar jy kom

en leer my
van sin,
genade – skewe ogiesvol.

Nee, Dokter
ek het jou dienste nie meer nodig nie
iemand gee tóg om
'n kind 'n hemelkind
kind wat uit die hemel kom

en Dokter,
vandag is die eerste dag van die res van my lewe ...

Die gesig in die spieël

Vir Jaco

Hy voel-voel versigtig oor sy weerkaatsing in die spieël.
Hy dink.
Wat gaan hy doen?

Hy sal deur Stellenbosch fiets en al sy onthou-plekke
en onthou dinge weer uitsnuffel.

In die spieël sien hy sy oë lewe en hy volg die buitelyne
van sy profiel oor en oor. Hy kyk stip na sy skouers wat op
en af bewe. Hy haal asem.

Hy sal gaan branderplankry by Blouberg en die see rondom
hom voel lewe. Hy sal weer swem. Hy sal diepsee-duik
en God ook onder die see leer ken.

Hy sal gaan draf. Hy sal voel hoe sy bene ritmies rondskuif
en hy sal die grond onder sy voete voel verbybeweeg.
Sy spiere sal saamtrek en verslap om hom krag te gee
en hy sal nie moeg word nie.

Hy sal gimnastiek doen: Sy liggaam strek en rondwoel,
sy arms swaai en sy spiere laat juig op die rekstok
en die ringe, sy rug boggel in 'n agteroor-salto.
Sy bewegings laat lewe op die ritme van musiek en sy kop
vooroor laat hang vir die goue medalje.

Hy sal dans. Rock 'n roll en twist en wals en polka.
Can-can en hoela-hoep. Die foxtrot, die tango, die cha-cha
en die bop. Charleston en breakdance en sommernet
gewoonweg dans.

Hy dissekteer elke deeltjie van sy spieëlbeeld.

Hy sal weer lewe, met sy oë sal hy die wêreld inasem
en elke krieseltjie skoonheid sal hy stadig verteer,
totdat dit permanent deel van hom is. Sy ore sal uitreik
na alle klanke en alles sal in sy gedagtes meng
tot 'n surrealistiese musiekstuk. Hy sal voel hoe geure
sy neus binnevroetel en een-een kom vassteek.

Met sy liggaam sal hy voel hoe dit rondom hom lewe:
sy wang teen die ruwe oppervlakte van 'n tekstuur-skildery,
sy vingers wat bo die warmte van 'n kaggelvuur
klavierspeel, sy voete wat klein kunswerkies in seesand
skep, sy rug waarteen reëndruppels glyplank ry en sy nek
wat deur 'n warm wolserp toegevou word.

Elke selletjie in sy liggaam sal hom weer laat lewe –
net soos sy afbeelding in die spieël.

En toe hy omdraai, weerkaats die spieël net 'n oomblik
teen sy rolstoel se wiele.

CORDIS TRUST PUBLIKASIES
Posbus 73592
Lynnwoodrif
0040
www.cordistrust.co.za